

DEK JOU TAFEL

BENODIGDHEDE: Clark's Anchor-stringkatoen soos volg: 4 stringe botterblomgeel nr. 0298; 2 stringe papegaaigroen nr. 0255; 1 string botterblomgeel nr. 0295; 1 string grys nr. 0398; 1 string papegaaigroen nr. 0254; 1 string ambergoud nr. 0307; 1 string donkeroranje nr. 0314; 1 string oranje nr. 0324; 1,40 m wit borduurstof van 137 cm breed; 4,2 m oranje bobbelfraaiing; borduurnaald nr. 7.

Let wel: Gebruik 'n enkele draad vir reguit steke en driedubbele draad vir res van borduurwerk.

AANWYSINGS: Knip 'n vierkant van 137 x 137 cm uit materiaal. Vou materiaal oorlangs en in die breedte en ook van hoek tot hoek (diagonaal). Pars liggies op voulyne om middelpunt vas te stel. Een motief word in sy geheel op diagram afgebeeld; stippellyne stel die voue in materiaal voor.



Die dungestippelde motief toon waar met herhaling van motief begin moet word. Trek die motiewe met behulp van snyersdeurslagpapier op materiaal af. Volg die diagram en kleurnommers vir borduurwerk noukeurig; ongenommerde dele wat met genommerde dele ooreenkom moet met dieselfde kleur en steek

geborduur word.

Pars die voltooide borduurwerk aan die verkeerde kant.

AFWERKING: Meet 'n sirkel met 'n

deursnee van 137 cm op materiaal af. Knip rand gelyk af en werk rafelrand met sigsagsteek af om te verhoed dat dit uitrafel. Vou 'n soom van 6 mm na regte kant om en werk die bobbelfraaiing rondom daarop vas.



Versamelstuk

